
**Die Verlore Vallei – enigmaties en verlore**




Een van die heel interessantste plekke in Suid Afrika lê in die middel van die land, en tog weet baie min mense daarvan. Dit lê teenaan Van Reenenspas, op die N3 wat die heel besigste hoofroete in Suid Afrika is, en nog minder mense weet dat die skouspelagtige uitsig na die westekant toe oor die enigmatiese Verlore Vallei is. Enigmaties en misterieus, want dis 'n plek vol stories, legendes, valse berigte, 'n vyf-bladsy *Huisgenoot*-artikel (1948), en selfs 'n uitstekende spookstorie – die een oor die spooktestament.

Die vallei is oor honderde miljoene jare deur die Sandspruit op die rand van die Hoëveldse plato uitgekerf net voordat die eskarp oor die Natalse platorand stort. Dit loop 500m diep vir 35 kilometer parallel met die Vrystaat/Natal-grens, van Nondela af in die weste tot by Van Reenen in die ooste.

Nare liegstories wat van tyd tot tyd in die media verskyn het oor die oorspronklike bewoners van die kloof, die De Heer's en hulle kinders, fassineer die leefstyl van daardie inwoners, die De Heer en Pieterse-families, nog steeds, dekades nadat die laaste bewoners die kloof reeds verlaat het. Hulle verhaal is 'n mengsel van eksentrisiteit, pragmatisme, knap boere, en oorlewing.

Die werklike storie begin in die laat negentiende eeu in Rotterdam toe 'n vyftien jaar oue weeskind, genaamd Pieter de Heer, vir hom 'n beter lewe gesoek het. Hy is eers Suid-Amerika toe as 'n verstekeling, maar het soos die meeste avontuurlustige geeste kennis geneem van die ryk goud neerslae in die Transvaal - want dit is waarheen hy toe is. Die keer het hy op die lang Atlantiese vaart geleer om te lees en skryf, en noodhulp geleer - die twintig jaar oue

rooikop, reeds wêreldwys, land in Durban, hou van Natal. Neem foto's op plase, en leer plaaskinders Nederlands. Hy trou in 1909 Susanna van der Merwe wat 'n klein plasie naby Windsordam, Ladysmith het. De Heer verkoop dit, en doen met kapitaal in die hand by die goewerment aansoek vir staatsgrond.

In 1911 bied die staat hom die plaas, Jacobs Ladder, reg in die middel van die Verlore Vallei aan. Dit was afgeleë en ontoeganklik, maar die beskutte kloof was vrugbaar en die weiding uitstekend. Een voorwaarde was dat plaaseienaars op die plase moet woon. Die bure in die vallei verkies om op die rand van die vallei te bou, om toegang tot paaie en telefoonverbindings te kon hê, maar De Heer bou op die vloer van die vallei. Aan die oorkant van De Her se plek was die hange van die vallei byna loodreg, maar minder as 10km weg van Swinburne-stasie, 'n winkel, skool en koshuis, twee hotelle, poskantoor en vendusiekrale af.

De Heer het nie graag geld uitgegee nie, en kon in 1948 die groter buurplaas kontant koop. Die gesinne se nederige lewenstyl het egter nie verander nie, hulle was nog sonder lopende water of toiletgeriewe, maar was goed gevoed, was warm in die winter en droog wanneer dit gereën het. Was ook nie sosiaal geïsoleer nie, en het Swinburne gereeld besoek vir pos en kruideniersware. 'Hulle het 'n eenvoudige, eerlike lewe na aan die natuur gehad, en niemand gepla nie,' het my pa altyd gesê. So fiks en taai soos 'n ratel, selfs in sy gevorderde jare, het hy verkies om te loop waar hy wou wees (is nooit op 'n perd of donkie gesien nie), maar was geensins 'n kluisenaar nie. Hy sou byvoorbeeld Swinburne toe stap met 'n bondel klere en



padkos (putu pap met ’n lekseltjie vleis of bone daarby) in ’n bondel wat op die punt van ’n drastok oor 'n skouer gedra is. Of ’n pak-donkie gelei as die vrag swaarder was. Teen 1950 het die kinders ook ’n huis op die rand gebou.

Dis deur hierdie mense se wêreld dat ons dan eenkeer per jaar te perd heen ry, van Nondela af tot in Van Reenen. Dit het ’n hoogtepunt geword die perderit oor moeilike, terrein, maar ook ’n pelgrimstog om belangstellendes oor die waarheid omtrent die vallei in te lig.